**Donderdag 19 Maart**
**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:1-33 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:21, 22**
**Die eindelose liefde en ontferming van die Here ... neem dit ter harte, menskind!**

Klaagliedere 3 is ’n innig-mooi lied. ’n Lied wat ondanks ’n klaagtoon tog ook ’n jubeltoon in woorde weerspieël. Klaagliedere ... afkomstig van ’n woordkunstenaar. Die inhoud, woordkeuse en beredenering getuig van ’n besondere diepte én ’n rykdom van geestelike betekenis. Diepsinnig en persoonlik.
’n Mensedigter-skrywer wat in Klaagliedere 3 doodeenvoudig sê (vs 1-20):

- Ek is stukkend. (Totaal en al stukkend.)
- Ek het “gebreek”.
- Alles om my het in duie gestort.
- Fondamente het padgegee.
- Ek word uitgelag.
- My pad is met klip toegebou.

Die woorde gryp ’n mens aan. Woorde van onmeetlike lyding, ellende, eensaamheid én ontnugtering. *“Here, ek is stukkend, want U het my stukkend gebreek ...” “Here, U het my die donker ingejaag ...”*
Die Klaagliedereskrywer is aan die woord. Ongeveer 600 jaar voor Christus. Die val van Jerusalem. Die lieflingstad verwoes. Onmenslike aanvalle van die Babiloniërs. God se volk is verneder. Alles is deurmekaar. Sonde en ongeregtigheid. Worsteling! Maar ondanks al die smartlike uitroepe doen die skrywer van Klaagliedere 3 een ding nie. Hy laat God nooit los nie. Ondanks die volk se sonde en die Here wat sy volk tugtig, bly die Klaagliedman aan die Here God vashou. Vers 21 en 22 baie meer as ’n klaaglied. Inteendeel! ’n Belydenislied:
*“Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie,*
*daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut ...”*
Laat u ook vandag deur spesifiek dié waarheid troos. Die Here verstoot ’n mens nie vir altyd nie, want sy liefde is groot. Só groot soos die offer van sy seun. Sy enigste seun se swaarkry en seerkry was totaal onverdiend én soveel erger as enige mens se stukkend. Die enigste rede waarom ons nie omkom nie, is omdat die Here Jesus “omgekom” het. Gesterf het ... Die Here se liefde is in Christus elke dag nuut. En elkeen van hulle in Christus nuut gemaak, kan bely:
*“Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie*
*of ewiglik die toorn teen ons behou nie,*
*Hy sal met ons nie na ons sondes handel,*
*ons(my) nie vergeld die boosheid van ons(my) wandel ...”* (Ps. 103-1:5)
My klaaglied word ’n loflied!

*Sing: Psalm 103-1:2*
*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*